kan aan geen ander rede hiervoor dink as dat ek hier met sport gemoeid is nie," het hy gese.

Hy kan dit ook nie verklaar dat die Suid-Afrikaanse rugbybaas, dr. Danie Craven, in die onmiddellike verlede geen probleme ondervind het om Australië te besoek nie.

„Ek weet nie wat dr. Craven het wat ek nie het nie," het mnr. Wallace gesê.

Dit is die eerste keer dat 'n visum hom geweier is en hy sê hy hoop dat dit die laaste keer was.

'n Woordvoerder van die Australiese konsulaat in Kaapstad, wat mnr. Wallace van die weiering in kennis gestel het, wou gister nie sê wat die rede vir die besluit is nie.

Die Australiese krieketbaas mnr. Caldwell het gister in Melbourne die nuus amptelik bekend gemaak. Hy het mnr. Wallace genooi om die sesde toetswedstryd teen die MCC te sien en omdat daar samesprekinge sou wees oor die toekoms van toere, spesifiek of die Aussies wel aanstaande jaar die Republiek sal kan besoek.

Die Australiese regering het in 1974 geweier dat sy krieketspan na Suid-Afrika kan kom.

Mnr. Wallace sê dat hy geregig was om aan die samesprekings deel te neem en hy glo dat die krieketmense daar ewe gretig was om van verwikkelinge op sportvlak in Suid-Afrika te hoor.

Hy was gister telefonies met mnr. Caldwell in verbinding en sê dat hy verseker is van die Australiërs se teleurgesteldheid in die verloop van sake wat sy besoek daar benadeel het.

Mnr. Wallace het aansoek gedoen om Australië van 10 tot 19 Februarie te besoek om die laaste toetswedstryd tussen die Aussies en die MCC te sien en om krieketvriende Jim Cladwell en sir Donald Bradman te besoek.

verklaring by die Mynwerkersunie in Johannesburg verkry word nie, behalwe dat die geskil op 'n hoë vlak bespreek word.

date en burgerlikes. Die vegtery by Addis Abeba het eergisternag losgebars en sowat 'n uur aangehou, sê ooggetuies.

67 mense boos ... oor 'n toilet

Stadsverslaggewer

SEWE- EN SESTIG inwoners van Linden is hoogs ontstoke oor 'n openbare toilet vir gekleurdes wat in dié spog-woonbuurt van Johannesburg beoog word. Nogtans beveel die gesondheid- en geriewekomitee van die stadsraad aan dat die aansoek dat die grond onteien word ingedien moet word.

Die eienaar van die standplaas wil ook absoluut niks daarvan weet dat 'n stuk van sy grond verkoop word vir die oprigting van die toiletgeriewe nie.

Die raad wil sowat 114 vk. meter aankoop van die erf op die noordwestelike hoek van die kruising van Vierde Laan en Vyfde Straat vir die oprigting van die geriewe.

Verkoop

Die Klerk van die Raad se afdeling sê die eienaar weier om te onderhandel om die grond vir dié doel te verkoop. Die eienaar voer aan hy wil die bestaande gebou op die erf vergroot. „Boonop vrees hy swaar geldelike verliese aangesien van die huurders in winkels en woonstelle in die omgewing kan wegtrek as hulle van die stadsraad se plan verneem. Een het reeds sover gegaan beweer hy.

„'n Versoekskrif wat deur 67 inwoners van Linden onderteken is en waarin daar beswaar teen die Raad se voorstel aangeteken word, is ontvang.

„Die petisionarisse sê dat hulle 'n misdaadtoename vrees aangesien daar soveel Swartes in die buurt sal saamdrom. Dit sal gevolglik gevaarlik wees om daar te woon, en die waarde van hulle eiendomme sal aansienlik daal."

Die saak is vir summiere verhoor na die hooggeregshof verwys op 12 Maart.

Voor die aangehoudenes hulle verskyning in die hof gemaak het, het hulle so hard in die selle gesing en geskree dat minstens een hof moes verdaag.

Honderde belangstellendes, van wie die meeste goedgeklede swart vroue was het voor die hofsaal, wat binne 'n ommesientjie stampvol was, saamgedrom.

Toe die twaalf singende mans luidkeels met die swartmag-vuis omhoog die hof binnekom, het die reaksie van die vroue gewissel van histeriese gille tot trane. Die aangehoudenes het hulle rûe op landdros P. J. Burger gedraai totdat hulle bedaar het.

Die word bulala, doodmaak, is telkens in die hofselle gehoor.

Beswaar

Volgens die klagstaat het die aangehoudenes tussen Desember 1968 en Oktober 1974 sekere oortredings ingevolge die Wet op Terrorisme begaan.

Mnr. Shun Chetty, 'n Indiërprokureur wat een van die regsverteenwoordigers van die aangehoudenes is, het beswaar gemaak teen die verhoor wat nou op 12 Maart in die hooggeregshof.

Mnr. Chetty het gesê dat dit 'n gewikkelde saak is wat baie voorbereiding verg. Die meeste aangehoudenes word al 135 dae aangehou en die staat moes dus baie getuies hê.

Hy gaan nie die verdediging sal op 12 Maart al gereed wees nie, het hy gesê.

Mnr. Chetty het voorts gesê dat die aangehoudenes terdeë staan op een van die ernstigste klagtes wat in Suid-Afrika teen iemand gemaak kan word. Hulle is jong en intelligente mense. Die saak raak niet ook baie aandag en is van nasionale en internasionale belang, het hy gesê.

Geregtigheid

In die belang van geregtigheid moet hulle 'n regverdige verhoor kry.

Hy het gevra dat die saak op 3 Februarie weer na die hof verwys word.

Mr. Chetty het verder melding gemaak van 'n soortgelyke verhoor wat tussen 3 en 7 Maart in Durban voorkom. Dit is moontlik dat sommige van die aangehoudenes as getuies by dié saak opgeroep kan word, het hy gesê.

Mnr. Chetty het verder gesê dat 'n aantal van die aangehoudenes hom vertel het dat hulle ernstig aangerand is. Hulle is geestelik en liggaamlik gemartel. Weens dié marteling kan hulle nie hulle gedagtegang bepaal by die aanklagte wat teen hulle gemaak is nie. Een van hulle is ná 'n epileptiese aanval as 'n noodgeval hospitaal toe geneem.

Uitroepe

Na dié bewerings het die vroue in die hof skerp gereageer met harde uitroepe.

Landdros Burger het mnr. Chetty se aansoek van die hand gewys. Hy het gesê dat die basis van die aansoek bloot op skouing berus.

Die verdediging kan egter direk by die hooggeregshof aansoek doen, het hy gesê.

Hy sê verder dat mev. Waring streep deur die hele wet wil trek met haar argument dat daar geen vroue op die Staat se ondersoekkommissie insake aborsie was nie.

Argumente insake oorbevolking, ongewenste kinders en die stigma wat aan 'n buite-egtelike kind kleef, is vir haar genoeg om enige vrugafdrywing te wettig.

„Laat ons dit dadelik beklemtoon," sê ds. Cronjé, „dat daar gevalle is waar aborsies gewettig en ook Bybels verantwoord kan word, soos bv. waar voortgesette swangerskap die lewe of liggaamlike gesondheid van die moeder ernstig in gevaar stel of waar dit 'n permanente geestelike versteuring by die vrou kan veroorsaak.

„Verder kan daar 'n sterk saak vir aborsie uitgemaak word by 'n swangerskap a.g.v. verkragting, bloedskande en waar die fetus ná vroeë voorgeboortelike onderteken is, het hy gesê.

Mev. Waring het gister in 'n openhartige artikel, wat in 'n aantal Engelstalige koerante gepubliseer is, aborsie bepleit en onder meer erken dat sy self 'n wettige aborsie gehad het.

„Al wat ek met die artikel gedoen het, is om 'n saak te ondersteun waarin ek glo. Suid-Afrika is ver agter by die res van die wêreld waar dit by aborsies kom. Ons moet ons oë oopmaak en na die wêreld kyk — sy probleme deur oorbevolking — en besef dat ons nie alleen in die wêreld is nie. Suid-Afrika is immers 'n inherente deel van die wêreld," het sy gesê.

Mev. Waring ontken dat sy aborsie op aanvraag ter wille van persoonlike publisiteit ondersteun. „Ek tree nog net so op soos ek altyd opgetree het. As ek sterk voel oor 'n saak, steun ek dit in die openbaar. Dis immers al wat ek nou weer gedoen het," het sy gesê.

Eie mening

Sy verwag dat sy 50 p.s. steun van die publiek en 50 p.s. afkeur sal kry oor haar menings. „Maar dit prikkel mense minstens tot 'n eie mening," het sy gesê.

Maar, voeg sy dadelik by, sy het nie dié keer net 'n klip in die bos gegooi nie . . . „Dis 'n saak van uiterste belang en dringendheid," sê sy.

Die feit dat aborsie in ander wêreldse wettig en op aanvraag beskikbaar is, dwing Suid-Afrika om dit te erken en aanpassinge te doen, het mev. Waring gesê.

Sy sê dat sy te lank al in die openbare lewe staan en te dikwels haar kop uitgesteek het om sake waaroor sy sterk voel, in die openbaar te steun. „Wat mense sal sê of hoe hulle sal optree, sal my gevoelens nie in die minste raak nie," het sy gesê.

Sy het een versoek. Moenie haar pleidooi vir aborsie op aanvraag net weggooi nie. „Dink realisties daaroor — nie dom en simpel nie," het sy gesê.

Prins Charles doen kopter-noodlanding

LONDEN — Prins Charles, die Britse troonopvolger, het 'n noodlanding in 'n helikopter gedoen waarin hy 'n medevlieënier was. Dit het gebeur toe 'n stuk van 'n enjinkap weggebreek en in die enjin geval het, het die ministerie van verdediging gister berig.

Die helikopter het op 'n veld in Weston Zoyland, Somerset, geland. 'n Ander helikopter van die Wessex-klas het die prins en die vlieënier opgepik en hulle na die basis teruggeneem. — (UPI)

Wit meisie troos Indiërs

DIE 12 Sasolede wat gister hier in die hof verskyn het ná 'n beweerde pro-Frelimo-betoging op 24 September verlede jaar, het nie net onder die swart gehoor in die landdroshof ondersteuners gehad nie. 'n Aantal jong blankes is tydens die saak kort-kort geesdriftig deur die beskuldigdes gegroet. Ná die saak het dié drie blanke meisies vryelik met die familie van die aangehoudenes verkeer. Die meisie regs het een keer haar arm vertroostend om die skouers van die Indiërvrou langs haar geslaan.

DIE TRANSVALER 8.2.1975



ANDER OGIE DALK OOK BESMET

Kanker eis driejarige se oog

Vaaldriehoekse Verteenwoordiger

VANDERBIJLPARK — Driejarige klein Hannes Posthumus wat kanker in sy een oog gekry het, se oog is dié week uitgehaal. Dokters wil later sy ander ogie ook uithaal om te sien of dit ook besmet geraak het. Daarna sal hulle dit weer terugsit.

Hy sal nou gereeld 'n glasogie moet dra. Hy sal ook elke week na 'n Johannesburgse hospitaal moet gaan om met die kobalt-bom bestraal te word om te probeer verhoed dat die siekte in sy liggaam versprei.

Tot dusver was klein Hannes se grootste ideaal in die lewe om net te kan boks. Hy het gereeld saam met sy ouer boetie, Lukas, geskerm, geoefen en skadu-boks gedoen.

By die boksklub was dit sy grootste vreugde as hy die groot bokshandskoene kon aantrek en daarmee kon skerm. Vir sy ouderdom het hy 'n verbasende harde hou geslaan. Sy voetwerk is ook puik, vertel sy pa.

Hannes is die laatlammetjie van die Posthumusgesin van George Duffstraat. Sy ma, Mina, het nou een aand skielik iets soos 'n ligte pêrel in sy ogie gesien. Sy is toe met hom na 'n dokter en hy het gesê dat dit kanker was. Die geskokte gesin het hom daarna na verskeie ander spesialiste ook geneem en eindelik na 'n Pretoriase professor.

Die geneeshere kon nie glo dat so 'n jong kind so iets kon hê nie. Daar moes dadelik geopereer word. Nadat die ogie verwyder was, is 'n rubber balletjie vir 'n paar dae in die oogholte geplaas. Die balletjie is gister verwyder.

Klein Hannes se twee oupagrootjies en een ouma grootjie is aan kanker dood maar verder is daar nie kanker in die familie nie. Hannes se pa is in Oktober hospitaal toe waar hy twee breukoperasies en 'n maagsweer-operasie ondergaan het. Hy was net by die huis toe is sy vrou vir 'n groot operasie hospitaal toe. het pas daarvan herstel.

Hannes is die jongste van vyf kinders. Hy wil nou 'n kanariehok met voëls hê. Sy pa bou dit vir en hoop om dit klaar te wanneer hy uit die hospitaal ontslaan word.

100 sal 10j. in ruimte kan bly

MOSKOU. — Toekomstige ruimtelaboratoriums kan tot tien jaar in gebruik bly met soveel as 100 mense aanboord, het 'n Russiese ruimtewetenskaplike, mnr. Boris Petrof, in die koerant, Trud, geskryf. Die laboratoriums sal stuksgewys gelanseer word en in die ruimte monteer word. — (Sapa-AP.).